Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Verskil-argief**
- **Geloofsvorming webblad:** www.noordsingeloof.co.za
- **Lig** & **Kerkbode**
- **Stabilis**: www.stabilis.org.za
- **Kerkgeboue in SA:** https://www.facebook.com/Kerkgeboue
- **Badseloop kampterrein**: *Vir besprekings, kontak Franscois Genis, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
- **Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
- **Magaliesberg Jeugkampterrein:** *kontak Natasha du Preez, sel 083 778 4102* [*Kliek hier vir die inligtingspamflet...*]

5 Februarie 2016
Nr 5/2016

NG Kerk Droogtehulp 2016

Chris Lötter van Waverley het ingewillig om ***Projek Droogtehulp*** in die Noordelike Sinode te koördineer. Ons wil by voorbaat vir hom baie dankie sê daarvoor! Lees asb. sy aangehegte brief en reageer asb. so gou moontlik. Neem asb. ook die vrymoedigheid om hom met voorstelle en bydraes te kontak. Ons sou graag foto's in die Verskil wou plaas van hulpprojekte. Stuur dus gerus vir ons stories van hoop na Chris by chris@ngwaverley.co.za of Hermien by hermien@noordsin.co.za .

Indien jy dalk die aanloop tot die projek gemis het, lees gerus weer die aangehegte brief van die Algemene Sekretaris, Gustav Claassen. Daarin verduidelik hy hoe ons hierdie projek in samewerking met AgriSA en die TLU aanpak.

Opvoeding en Onderwys – 14 Februarie 2016

Doen asseblief moeite om volgende Sondag spesiaal vir die onderwys te bid.
Kontak gerus die Sinodehuis vir meer inligting.

Bybel-Media

Lees dié week se nuusbrief – kliek hier...

Jaarboek 2016

Bybel-Media het soos volg laat weet: *Weens meganiese probleme wat die drukkers ondervind, sal die 2016-Jaarboek eers teen die einde van Januarie aan gemeentes en indiwidue wat reeds bestel het, gepos word. Indien jou gemeente nog nie 'n bestelling vir die 2016-Jaarboek geplaas het nie, is dit nou die tyd om te bestel.*

Wêreldbiddag vir Vroue 4 Maart 2016

"Laat die kindertjies na My toe kom"

** **Kry meer inligting en die bestelvorm vir die program** op http://www.wwdp.co.za of skakel *Joa van Aarde* by 011 975 4598 met navrae.

Sinodale nuus

- **Bybel-lees met 'n verskil:**

Die **volgende byeenkoms** vind op *9 Februarie 2016* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: **Deuteronomium 26:1-11**
** **Navrae:** *Kobus Myburgh* (083 227 7185) of *Fanie Cronjé* (083 415 1452)

❖ **Harmonie Park**

➢ **Harmonie Oord - Die tuiste vir selfversorgende bejaardes met 'n beperkte inkomste**. *Die tuiste word sonder staatssubsidie bedryf.*

Die volgende items word dringend vir Februarie benodig. Skenkings sal baie waardeer word:

- *25 kg Supervent melkpoeier – of donasie van enige lang lewe melk;*
- *25 liter Sunflower kookolie;*
- *20 liter Cross & Blackwell Chef Dressing;*
- *BBQ speserye; Sous poeier; Hoender speserye; Worcestersous;*
- *"Chip white"* [Word gebruik om vars groente wat verwerk word in af te spoel sodat groente soos byvoorbeeld aartappels en patats nie verkleur nie]*;*
- *Plastiek sakkies 25 X 40 cm om groente in te verpak.* [Klein hoeveelhede groente word geskenk. Dit word verwerk en verpak totdat daar genoeg is vir 'n maaltyd.]
- *Swartsakke – Asblikke op 7 vloere word daagliks leeggemaak.*

➢ **Harmonie Hof – Tuiste vir bejaardes**

Die volgende fasiliteite is beskikbaar en **daar is tans plek beskikbaar in al die afdelings**:

- Selfsorgeenhede en semi-sorgeenhede met privaat badkamers;
- 'n Volle versorgingseenheid met interkomverbinding;
- Vier eetsale;
- Selfsorginwoners ontvang 2 etes en 'n kospakkie vir aandete;
- Die semi- en volle versorgingseenhede ontvang 3 etes per dag;
- Drie ruim sitkamers en 'n groot tuin vir saamkuier;
- 'n Bussie om inwoners na geskeduleerde aktiwiteite te vervoer.

Navrae: Marié Pienaar, Bestuurder: Harmoniepark. Epos: bestuurder@harmoniepark.co.za, tel: 012 341 4816, 012 440 3357

❖ **Magaliesberg Jeugkampterrein** beskik oor 'n **vakature vir 'n Terrein Bestuurder**. Vir verdere inligting kliek hier ...

CMR Noord

Die CMR vier vanjaar hulle **80ste verjaardag**. Ons is saam met hulle baie opgewonde daaroor. Neem daarom asseblief kennis van hulle **"Plakkies"-projek**.

Navrae: www.cmrn.co.za / tel 012-333 0421 / Bestellings: e-pos na kinders@cmrn.co.za

Kolleganuus

❖ **Marikana** - Dr. T.G. Mahne vir beroep vir `n termyn van 3 jaar.

❖ **Verjaarsdagwense**

Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

11/02 Johan Bosman [Vaalwater, 082 409 0185, bosmanjnr@vaalwater.ng.org.za]
12/02 Fouché de Wet [Suidoos-Pretoria, 073 234 0156, fouche@stellastraat.co.za]
Gert Vorster [Emeritis, 083 259 9422, vors1234@mweb.co.za]
13/02 Johan van As [Wonderboom-Suid, 083 707 2952, jvanas@dinamix.co.za]

.....

10/02 Marianne de Wet [Hartbeespoort, 082 446 5225, johandw@telkomsa.net]
11/02 Lizette Cornelissen [Raslouw, 082 561 1820, mariusco@lantic.net]
Hanlie Botha [Mootvallei, 082 475 6096, jan@pastoralepraktyk.co.za]

Gemeentenuus

❖ **Mootvallei** hou op *20 Maart 2016* om 15:00 'n orreluitvoering met kaas en wyn – "Orrelklanke in die Herfs" deur Pieter van den Berg. Kaartjies R150 p/p. Kontak gerus die kerkkantoor 012- 3350611 vir besprekings.

❖ **Groenkloof** – 'n **Trauma ondersteuningskamp** word oor die langnaweek van *19-21 Maart 2016* by Paradeisos kampterrein, noordoos van Pretoria aangebied. Die teikengroep is almal wat n geliefde op n onnatuurlike wyse verloor

het (plaasaanval, moord, selfdood of motorongeluk bv) of wat self so 'n aanval beleef het. Daar word tydens die kamp gefokus op die verwerking van trauma en die pad vorentoe.

** Vir meer inligting oor die inhoud van die kamp kan Pieter Oberholzer by 0823325782 geskakel word.

** Om in te skryf of meer inligting oor die kampreelings te kry kan Elize Perrin gekontak word by 0726005809 of deoudepastorie.victoriawest@gmail.com.

❖ **Lynnwood** beskik ook 'n **vakature vir 'n Musiekleier Oggenddienste**

Die musiekleier is verantwoordelik vir die musiek en sangbegeleiding tydens die oggenddienste en ander geleentheidsdienste. Begeleiding op die pyporrel is die vertrekpunt.
Aansoeke: Volledige CV's kan gestuur word aan NG Lynnwood Diensverhouding Bediening, Posbus 36430, Menlopark 0102 / epos: kerkkantoor@nglynnwood.co.za / tel: 012-348 1245
Sluitingsdatum vir aansoeke: *7 Februarie 2016*
Navrae: Ampie Swanepoel 082 574 7370 (Voorsitter Diensverhoudinge) of Eric Scholtz 082 856 5959 (Voorsitter Kerkraad)

Gebedslys

Hiermee 'n vriendelik uitnodiging aan ons lesers, om enige sake vir voorbidding aan ons deur te stuur – stuur dit direk aan hermien@noordsin.co.za.

- **Naudé Kritzinger (Wonderboompoort) wat sy Achilleshiel gebreek het en tuis aansterk na 'n operasie.**
- **Fantie van Heerden (emeritus) wat nou na die rehabilitasie afdeling van die Eugene Marais hospitaal oorgeplaas is.**
- **Dankie vir die reën wat in groot gedeeltes van ons land geval het;**
- **Dankie vir persone en instansies wat steeds voer vir diere en water skenk en dit aflewer in droogtegeteisterde gebiede.**
- **Volgehoue voorbidding vir reën en oplossings vir die droogte.**

Ander nuus

❖ **Excelsus: Konferensie oor selfdegeslagverhoudings**

Sien aangeheg die bestelvorm indien u die DVD's wil bestel van die onlangse Dagkonferensie oor die NG Kerk en selfdegeslagverhoudings.

❖ **Traumatiese Insident Reduksie Werkswinkels**

Met hierdie geakkrediteerde werkswinkel verdien die suksesvolle leerder 'n internasionale sertifikaat en ook die geleentheid om by die internasionale TIR Association (met sekere voordele) aan te sluit. **20 CPD** & **30 VBO** punte word aan Maatskaplike werkers en NG Predikante toegeken.
Datums: *22-25 Februarie* – Midrand; *15-18 Maart* – Pretoria; *30 Mei-2 Junie* - Malelane; *31 Oktober-3 November*- Pretoria.
** **Vir meer inligting** kliek hier...

❖ **Groepsontlonting** (**7 VBO punte**)

Hierdie eendag werkswinkel is daarop gemik om enige persoon wat groepe moet ontlont te help om dit effektief te doen. Busongelukke, gewapende roof, plaasaanvalle, (natuur)rampe, motorskakings, selfdood en ander groepstrauma, waar 'n aantal mense saam ontlont moet word kom dikwels voor. Dit vereis spesifieke vaardighede van die ontlontingspersoneel. Dit is aan te beveel dat elke maatskappy, skool en kerk minstens een of twee toegeruste ontlonters tot hul beskikking het. * Verversings en ligte middagete.
Koste R950.00
Datums: *26 Feb 2016* – Midrand; *14 Maart* – Pretoria; *3 Junie* - Malelane; *4 November* - Pretoria.
** **Vir meer inligting** kliek hier...

❖ **"*Fresh Expressions*" van die Kerk 2016**

➢ **Gauteng byeenkoms:**

Pretoria (Saturdays): *5 March; 9 April; Fri 20—Sun 22 May (Heron Bridge); 11 June; 23 July; 10 September and 15 October.*
Bryanston (Wednesdays): *Saturday 5 March (Pretoria); 13 April; Fri 20-Sun 22 May (Heron Bridge); 15 June; 27 July; 14 September; 19 October. [Lees hier meer...]*

➢ **Limpopo byeenkoms:** *16 Maart 2016* te Polokwane en op *19 Maart 2016* te Bela Bela met 'n naweek van *27-29 Mei 2016*. *[Sien aangehegte dokument vir meer inligting]*

❖ **Studietoer 11 na die VSA: Sentrum vir Kontekstuele Bediening**, Universiteit van Pretoria - *29 Oktober – 21 November 2016*. ***Onder leiding van Prof Malan Nel -*** Kan ons iets by gemeentes in die VSA leer?
Ek antwoord hierdie vraag sedert 1986 toe die eerste studietoer met 49 predikante begin het. Hierdie is nommer 11 en ek is oortuig dat dit een van die rykste ervarings van jou bediening kan wees - soos vir die meeste van die ongeveer

200 pastors wat al op so 'n studietoer was. Een van hulle skryf: *Ek beveel die studietoer na die VSA vir predikante en gemeenteleiers sterk aan. Dit is 'n uiters leersame geleentheid waartydens deelnemers blootgestel word aan die insigte van leidende teoloë en gemeentes op die terrein van leierskap en missionale kerkwees. My ervaring is dat dit my gehelp het om 'n kosbare netwerk te vorm met skerp denkers oor een van die heel belangrikste uitdagings waarvoor die kerk staan. Dit het my siening van die aard van 'n gemeente in 'n vars, nuwe rigting gevorm en is een van die kosbare herinnerings in my bediening* (Prof Nelus Niemandt, reeds na die 2004 toer en toe nog as predikant, NG Gemeente Weltevredenpark)

Besoeke aan:

- 13 diverse plaaslike gemeentes (gevestigde missionale gemeentes en 'emerging' gemeentes) met insette van hulle leiers (in 2013 het meer as 100 persone voor die groep opgetree),
- 11 bekende teoloë van leidende Teologiese Seminaria met insette en perspektiewe in hulle vakgebiede en
- Van die VSA se bekendste besienswaardighede in 6 stede landwyd kan mos niemand onaangeraak laat nie. Voeg hierby byna daaglikse evaluering en gesprekke as toergroep!

Ek is oortuig dat breë en gebalanseerde blootstelling nodig is wanneer iemand die VSA besoek. Eensydigheid in daardie groot land is nie moeilik nie. Die studietoer dra ook erkenning vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling vir predikante van die NG Kerk.

Vir meer inligting kontak Malan Nel by malannelup@gmail.com

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- **Lys van leraars wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - Kliek hier

  Naamlys van proponente wat 2015 by UP gelegitimeer is – kliek hier.

Ten slotte

Wanneer die senuwees knaag dink ons nie altyd voor ons praat nie... kliek hier

BYLAES

NOORDELIKE SINODE DROOGTEHULP 2016

As gemeentes van die Noordelike Sinode wil ons baie graag betrokke wees by die droogtehulpprogramme in ons streek en dalk ook elders in die land. Die uitdaging is om op 'n gegewe stadium presies te weet waar en hoe om hulp te verleen. Ons benodig baie inligting om 'n daadwerklike verskil te maak, daar waar dit saak maak.

Die NG Kerk het intussen begin om 'n paar dinge in plek te kry soos 'n webtuiste en 'n Facebook-blad. Koördineerders word in elke streeksinode aangewys en 'n **Droogtehulpnoodfonds** is ook geskep en uitbetalings het alreeds begin plaasvind. Beradingsdienste is beskikbaar om mense in nood by te staan.

Ons het jou hulp en samewerking dringend nodig om regtig omvattend en volhoubaar te kan help. Ons weet dat ons kerk se leraars oor eerstehandse inligting beskik aangaande die nood in hul gemeentes en dorpe. Jy ken die gemeenskap waarin jy leef en jy weet van die menslike dramas wat in huisgesinne afspeel waar inkomstebronne opgedroog het en van die spanning en onsekerhede wat daarmee gepaard gaan. Ons wil graag die volgende versoeke rig:

1. Besoek asb die webtuiste www.ngdroogtehulp.co.za en die Facebook-blad.
2. Kommunikeer asb dringend hierdie inligting deur na die gemeente en gemeenskap sodat lidmate en ander mense inligting rakende nood waarvan hulle weet, kan deurgee en kan kom aanklop vir hulp.
3. Sommige gemeentes wil Hulpverlenende Gemeentes wees, terwyl ander Bydraende Gemeentes wil wees. Ons wil graag van almal hoor en weet. Kontak ons asb sodat ons jou hiermee behulpsaam kan wees.
4. Gebruik asb hierdie ernstige situasie in ons land om die gemeente met toepaslike liturgië, gebede, preke en pastorale omarming, te troos, te bemoedig en te versorg.

Ons be-oog om jou binnekort van 'n vraelys te voorsien, waarmee jy elke hulpbehoewende geval se nood in diepte kan bepaal, sodat mense in hul eksistensiële nood bygestaan kan word. Dit sal ons baie help om hulpprogramme te kan identifiseer en te koördineer.

Baie dankie vir jou samewerking. Ons hoor graag van jou.

Vriendelike groete,
Chris Lötter
Droogtehulp: Koördineerder Noordelike Sinode
chris@ngwaverley.co.za) / 084 586 6552.

Terug

NG Kerk DROOGTEHULP 2016

Die NG Kerk is pynlik bewus van die nood en lyding wat veroorsaak word deur ‘n ongekende en wydverspreide droogte. Talle gemeenskappe, wat NG- en familiekerke se lidmate insluit, staan voor groot uitdagings. Kenners waarsku dat baie negatiewe scenarios rondom voedselsekuriteit, skuld, die ekonomie, werkloosheid en misdaad die gevolg van hierdie droogte kan wees.
Die NG Kerk voel haar geroepe om gemeenskappe, mens en dier, in nood te ondersteun. Dit is ‘n ongelooflike geleentheid om getuienis te lewer. Projekte is reeds deur gemeentes, ringe en sinodes geloods. Daar is egter ‘n noodsaak om hulp te koördineer ten einde die grootste verskil te kan maak.
Die NG Kerk het 1200 gemeentes landwyd. In die meeste gemeentes is daar ‘n predikant met ‘n leierskapstruktuur en passievolle lidmate. Elke gemeente het fasiliteite en ‘n infrastruktuur, ook dié sonder predikante. Baie gemeentes of ringe het toegang tot ‘n maatskaplike werker. Gemeentes het lidmate met bronne, nie net wat finansies betref nie, maar ook ten opsigte van kundigheid, ervaring, ens.

Wat is sover gedoen?
Die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland het alreeds hul droogtehulpprojek van stapel gestuur. Hierdie poging word geloods onder die vaandel van **NGDroogtehulp**. ‘n **Webblad** met die adres www.ngdroogtehulp.co.za is registreer en sal teen vroeg volgende week aktief wees. Die projek kan ook op **Facebook** by **NGDroogtehulp** sowel as op **Twitter** gevolg word by **#NGDroogtehulp**.
Die sukses van ‘n projek hang af van goeie koördinering. Om hierdie rede sal dié betrokke adresse landwyd gebruik word vir kommunikasie rondom die NG Kerk se hulpverlening.

‘n Kantoor met kapasiteit wat die projek sal help bestuur, is alreeds in plek. Ds Leon Venter, PSD van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland, is reeds betrokke by ‘n projek in dié sinode. Hy het logistieke steun en sal op hierdie stadium, in samewerking met die Algemene Sekretaris, die projek koördineer. Indien persone deur hul sinodes benoem word, sal hul inligting deurgegee word.

Tans is daar allerhande inisiatiewe wat deur gemeentes onderneem word. ‘n Voorbeeld daarvan is ‘*n Liturgie vir tyd van verootmoediging in die erediens* wat beskikbaargestel is deur Riversdal-Wes se gemeente. Dit sal binnekort beskikbaar wees op die NG Kerk se webtuiste www.ngkerk.org.za.

Die NG Kerk was die afgelope tyd in gesprek met verskeie belangegroepe in die landbou-omgewing. Na gesprek met die TLU en Agri-SA is daar ‘n aantal behoeftes geïdentifiseer:

- Voorbidding
- Traumaberading
- Finansiële bystand
- Voedsel
- Voer vir diere itv beskikbare weiveld, gras en ander voer.

Die NG Kerk is steeds in gesprek met landbou-organisasies om die brandpunte te identifiseer waar die nood die grootste is. Hierdie inligting is belangrik vir die koördinering van die projek. Die TLU en Agri-SA is besig met navorsing in die verband en die resultaat daarvan sal eers later bekend wees. Tans wil dit voorkom asof die volgende streke die ergste getref is:

- Noordwes
- Vrystaat
- Noord-Kaap
- Noord-Natal
- Oos-Kaapse binneland
- Kaapse Weskus

In ander streke gaan dit beter en is toestande baie goed in terme van reënval, weiding en oes-vooruitsigte.

Hoe wil die kerk betrokke raak?
Die NG Kerk werk deur gemeentes. Gemeentes moet in staat gestel word om hulpverlening aan hul gemeenskappe te bied. In dié verband moet gemeentes torings van hoop wees. Dit kan gebeur deurdat gemeentes die volgende doen:

- Voorbidding vir boere, plaasarbeiders in nood asook vir diere en die natuur wat swaarkry.

- Traumaberading, die TLU sowel as Agri-SA het beklemtoon dat dit ‘n geweldige behoefte is. VBO instansies soos Exelsus, Shepherd, Communitas, Hospi-visie en Coram Deo sal versoek word om geleenthede te skep om lidmate en gemeentes toe te rus in die verband.
- Geldelike bydraes: ‘n Rekening is reeds geskep en sal deursigtig met verantwoording bestuur word. Die rekeningbesonderhede is:

ABSA
Tjekrekeningnr.:407 842 5238
Rekeningnaam: NG Kerk in SA
Takkode: 632 005
Verwysing: Naam en Van of Instansie/Gemeente of Droogtehulp indien anoniem.

‘n Bedrag van R272 000.00 is reeds ingesamel en die eerste mikpunt is R2 miljoen.

- Voedsel, nie-bederfbare items met hoë voedingswaarde en wat maklik ingesamel en versprei kan word, word benodig. Dit moet beperk word tot ‘n kortlys van: droë bone, rys, meel, blikkies vis, vleis, mielies, bone, ertjies asook soppoeier, melkpoeier sout en suiker.
- Voer in enige vorm is welkom. Daar is alreeds gevalle waar weiding aangebied is en suksesvol benut word. ‘n Projek in Pretoria-omgewing ontvang gesnyde gras van tuine, dit word in pille omgesit wat as voer gebruik word. Meer besonderhede rondom hierdie projekte sal deurgegee word.
- Enige ander hulp wat ‘n verskil kan maak is welkom, bv om behulpsaam te wees met die vervoer van hulpmiddele of enige vorm van logistieke ondersteuning.
- Die samewerking met ander denominasies en organisasies in gemeenskappe is belangrik. Gemeentes moet die inisiatief neem om met ander kerkgroepe en instansies te skakel en saam te werk.

Gemeentes is die versamelpunte waar voedselitems besorg kan word. In die verband moet gemeentes asb die infrastruktuur verskaf. Verder reëlings om voedsel by brandpunte te besorg, sal getref word. Geldelike bydraes kan in genoemde rekening inbetaal word.
Ons bou die pad soos ons hom ry en daar sal voortdurend met sinodes en gemeentes gekommunikeer word.

Inligting wat benodig word

- Wat doen gemeentes en sinodes alreeds, sodat ander gemeentes daarby kan inskakel of soortgelyke projekte kan dupliseer. Gemeentes moet asb laat weet.
- Watter behoeftes is daar in streke en gemeenskappe wat sleg getref is?
- Wat is gemeentes bereid om te doen, watter soort hulp en ondersteuning kan spesifieke gemeentes of sinodes aanbied?
- Watter vennote kan ons betrek? Die praktyk wys dat instansies/individue soms by hulpprojekte betrokke raak vir eie belang. Inligting oor vennote met integriteit is baie belangrik. Gee inligting deur.
- Sinodes en ringe moet die kontakinligting van ‘n persoon deurgee wat die droogtehulp in hulle streek gaan help koördineer.

Instansies wat reeds hulle hulp aangebied het en waarmee saamgewerk kan word

- **Fast Freight** het aan TLU ‘n aanbod gemaak om te help met vervoer van items
- **PicknPay**: gemeentes kan plaaslike takke nader om voedselitems te kry waarvan die raklewe verval het en nog bruikbaar is. Gemeentes moet net by **Foodbank SA** vir ‘n konsessie aansoek doen. Hulle kontak besonderhede is: www.foodbank.org en Andy by andy@foodbank.org. tel: 082 347 4549.

Met wie word daar geskakel?
Inligting, soos gevra en enige navrae moet gerig word aan die **Algemene Sekretaris dr Gustav Claassen en ds Leon Venter. Hulle kontakbesonderhede is: gustavc@ngkerk.org.za, 012 342 0092 en leon@kaapkerk.co.za 021 957 7113**. Koördineerders van ander sinodes se besonderhede sal deurgegee word sodra dit bekend is.

Saam in sy diens

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Algemene Sinode NG Kerk
21.01.2016

Terug

Bybel-Media Nuusbrief 3/2016

Lees in die Kerkbode van 5 Februarie ...

... verskeie verhale van die lig van die evangelie wat skyn en die duisternis verdryf. Dit wissel van twee lidmate wat betrokke gebly het by ‘n gevangene en vir hom ‘n nuwe lewe laat oopgaan het, tot by een man wat ‘n nier aan ‘n ander skenk
... van ds Darius Botha se getuienis oor sy eie ervaring van en sy doktorale studie oor die reis met kanker, tot by ’n bediening uit die Bosmanstraatkerk in Pretoria wat sy invloed tot diep in Afrika laat strek.
Die gay-debat word voortgesit en twee bydraes oor die vraag hoe ons die Bybel moet lees, briewe in reaksie op die vorige bydraes en berigte oor die konferensie in Pretoria oor selfdegeslagverbintenisse.
In die gereelde bydrae oor kuns en die kerk val die kollig in hierdie uitgawe op ‘n skildery oor die kruisiging.

Jongste Bybelkor-publikasies

Kleurmeditasies vir Lydenstyd en Pase

‘n Boek vir gehaltetyd, meditasietyd, oordinktyd, bidtyd, wagtyd,hoortyd, troostyd en liefdestyd saam met God.

Hierdie boek is die ideale hulpmiddel as jy hierdie seisoen in die kerkjaar ’n tyd van vernuwing wil maak. Dit help jou met die geloofsgewoonte om elke dag vriendskap-tyd met God deur te bring. Dit is gevul met kleur- en woordmomente van stop en bepeins.

Die woordmomente fokus op Lydenstyd en Pase. Die kleurmomente se sirkelpatrone nooi heling en groei in jou lewe in. Met hierdie kleurmeditasies oordink, bepeins en bid jy in volkleur.

Die geloofsgedagtes herinner jou aan God, die bron van alle goedheid, wat mens geword en onder ons kom tent opslaan het. Die inkleursirkels nooi jou om te rus, om bewus te raak van gedagtes en emosies wat na bo kom en om dit te oordink.

Prys: **R135,00** (BTW en posgeld ingesluit)

Loskerf

BESKIKBAAR VANAF 8 FEBRUARIE 2016

Loskerf is ’n gespreksgids vir 6 weke met ’n tema vir elke week. Elke tema beeld ’n faset van die (her)skeppingsproses van God met ons uit:

- *Oopkerf* – oor gebed
- *Saamkerf* – oor omarming
- *Opkerf* – oor gesamentlike maaltye
- *Wegkerf* – oor besittings
- *Inkerf* – oor ons reis na binne
- *Uitkerf* – oor lyding, en spesifiek Jesus se lyding
- Prys: **R110,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Jaarboek 2016 (Elektroniese weergawe)

Hierdie is ’n elektroniese weergawe in PDF format. (10MB)

Jaarboek CD van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 2016.

Die Jaarboek van die NG Kerk 2016 bestaan uit inligting oor sinodes, streeksinodes, ringe, gemeentes en predikante. Die Jaarboek dien al vir 166 jaar as ‘n belangrike verskaffer van inligting vir die NG Kerkfamilie. Dis gemik op predikante, kerkkantore en lidmate.

Prys: **R199,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za

Groete vanuit Wellington.

Hans Steyn
Bybel-Media
E-pos: **hans@bmedia.co.za**

Tel: 021 864 8223

Terug

Terug

Gauteng [Pretoria and Johannesburg]

Mission Shaped Ministry – *Equipping you for a lifetime of good practice and learning in planting and sustaining fresh expressions of church*

Who is it for?

The MSM Course is for those exploring how to begin, sustain and grow a Fresh Expres-sion of church. It is for experienced pioneers who want to reflect on what they are doing.
The course is for denominational and congre-gational "permission givers" who want to dis-cover what Fresh expressions are all about **All denominations, traditions and ages**. Urban, suburban and rural contexts.

Features of the course

- Designed for busy Christians.
- Presented ecumenically.
- Includes local and national teachers.
- Enables reflection on your context & story
- Participatory learning styles and resources
- Coaching, mentoring, learning networks
- Full materials and extra online material

Your local course

The course is presented ecumenically in Pretoria and Jo-hannesburg. Individuals are most welcome, but we particularly hope that small groups from a congregation will par-ticipate as this will deepen the impact of the course.

The course costs **R3 200** for the year, this includes all meals, material and breakaway weekend.

Venues (choose between either one)

Pretoria: NG Universiteitsoord, 105 Duxbury Road, Hill-crest, Pretoria
Johannesburg: St Mungo's United Church, cnr William Nicol Dr & Grosvenor Rd, Bryanston,

Dates

Pretoria – Saturdays: *5 March; 9 April; Fri 20—Sun 22 May (Heron Bridge); 11 June; 23 July; 10 September and 15 October*.
Bryanston – Wednesdays: *Saturday 5 March (Pretoria); 13 April; Fri 20-Sun 22 May (Heron Bridge); 15 June; 27 July; 14 September; 19 October.*

Graduation: Saturday 5 November (10am—1pm)

Information: Please contact Jana de Lange on 076 835 5525 or fe.gauteng@gmail.com

Terug

Limpopo

A JOURNEY FOR PASTORS AND LEADERS IN CONGREGATIONS
March to September 2016

Dear Colleagues,

We are truly privileged to present an excellent course in 2016 in Polokwane and Bela-Bela, in Limpopo: the Mission Shaped Ministry Course.

1. BACKGROUND

Fresh Expressions (FE) is a strategy adopted over the last 10 years by the Anglican, Methodist, United Reformed and other churches in England whereby every worshipper and congregation is encouraged to go beyond familiar and existing ways of being church to also develop new and fresh ways to reach the many people who have no connection with church.

In the light of our understanding of the missionary call of the church, the great demographical changes experienced in most South African communities, and the shrinking numbers of many church congregations, it is clear that there is much we can learn from the Fresh Expressions movement in the UK.

Following a recent visit by Bishop Graham Cray, the team leader of Fresh Expressions in the UK, Communitas (Dutch Reformed Centre for local church development) decided to ask Ekklesia to pursue a partnership with FE (UK) to present their training course in South Africa. The course is called Mission Shaped Ministry (MSM). Rev Philip Botha is responsible for the central coordination of the course in South Africa.

We invite participants to join us for an adventurous journey of a year to discover mission shaped ministry.

2. ABOUT THE COURSE CONTENT

The course is theologically Missional, process driven and practically orientated.

Values of MSM:

- Ecumenical
- A formative spiritual journey
- Flexibility
- Building community
- Valuing diversity of traditions
- Best adult educational practice
- Connecting permission-givers & practitioners
- Rooted in prayer

Participants will complete 24 modules. At least 80% (20 of the 24) of the modules need to be attended to complete the course. Modules include:

The Mission of God	Gospel & Culture
Spirituality for Mission	Fresh Expressions for Children & Youth
Discipleship	Evangelism
Missional leadership	Listening for Mission
Missional values	Strategic finance for mission

3. WHO IS MSM FOR?

Pastors, church leaders, missionaries and members who:

- want to explore ideas for fresh expressions of church;
- are pioneering a fresh expression of church;
- want to help their church to be more effective in mission;
- all ages, denominations and backgrounds.

4. PRESENTERS

The presenters are from a wide spectrum of denominations. They are experienced in the area of developing new spiritual communities and various others fields: Philip Botha, Gordon Crowther, Christopher Harrison, Luke Pretorius, Chris Harris among others.

The management committee of the course consists of Chris Harris, Hannes Bezuidenhout, Hannes Peens, Luke Pretorius, Alan Molyneux, Jacob Mokhutso, Gerhard Bothma.

Language:

The course will be presented in English.

5. A JOURNEY OVER SEVEN MEETINGS

The MSM-Course will be presented over seven meetings in 2016. It will commence on 16 March in Polokwane and 19 March in Bella- Bela with a weekend 29-31 May 2016, which is compulsory to attend. We will meet for day seminars on Wednesdays in Polokwane and on Saturdays in Bela- Bela. Day seminars will be from 8:30-16:00

6. DATES AND TIME SCHEDULES

Program for day seminars
08:30 – 09:00 Arrival
09:00 – 11:00 Session
11:00 – 11:30 Tea / Coffee
11:30 – 13:00 Session
13:00 – 14:00 Lunch

14:00 – 15:30 Session
15:30 – 16:00 Q and A

Polokwane: Wednesdays Dutch Reformed Church Pietersburg-Noord Corner of Dr Annecke street and Dorp street in Hospitaalpark, Polokwane OR On Saturday at the Warmbaths Methodist Church, 27 Luna Road, Bela-Bela		
Wednesday Saturday	**16 March 2016 19 March 2016**	**09:00 – 16:00**
Wednesday Saturday	**6 April 2016 16 April 2016**	**09:00 – 16:00**
Weekend away 27 – 29 May 2016 For both Polowane & Bela- Bela MSM		
Wednesday Saturday	**22 June 2016 18 June 2016**	**09:00 – 16:00**
Wednesday Saturday	**20 July 2016 23 July 2016**	**09:00 – 16:00**
Wednesday Saturday	**17 August 2016 13 August 2016**	**09:00 – 16:00**
Wednesday Saturday	**7 September 2016 3 September 2016**	**09:00 – 16:00**
Wednesday(Polokwane Candidates)	**14 September 2016 Graduation**	
Saturday (Bela- Bela Candidates) 10 September 2016		

7. PRACTICALITIES

Venues:	Weekend away: Provisionally at the Ave Maria Retreat Centre, Mooketsi Polokwane: Dutch Reformend Church Pietersburg-Noord, c/o Dr Annecke and Dorp Street, Hospitaalpark, Polokwane **OR** Warmbaths Methodist Church, 27 Luna Road, Bela- Bela
Presenters:	A team consisting of multi-denominational presenters.
Dates:	Starts on Wednesday, 16 March, at 09:00 in Polokwane, and Saturday 19 March in Bela- Bela. The rest as set out above.
Course fee:	**R3 000** per person. Includes accreditation with Fresh Expressions International, the course manual, the cost of the two presenters from Cape Town, accommodation and meals for launch weekend and refreshments during all sessions. Your own travelling expenses and other costs are excluded.
Payment:	**R1 500** deposit payable by 25 February 2016. The balance must be paid in full by 31 March 2016. Down payment option available.
Sponsors:	Members and ministers are encouraged to approach their church councils, dioceses and/or synods for financial aid. **Tax benefit available.**
Meals:	Lunches for all the day conferences are included in the course fee, as well as tea, coffee and snacks.
Material:	Every participant receives a course manual (included in the course fee).
Accommodation:	Out of town participants are responsible for own accommodation costs.
Certificate:	A MSM-certificate will be given to participants who attend more than 80% of the course.
Registration & info:	Robbie Novella, 083 400 6152. *robbie.report@gmail.com*

Terug

Traumatiese Insident Reduksie Werkswinkels

Met hierdie geakkrediteerde werkswinkel verdien die suksesvolle leerder ‘n internasionale sertifikaat en ook die geleentheid om by die internasionale TIR Association (met sekere voordele) aan te sluit. **20 CPD & 30 VBO punte** word aan Maatskaplike werkers en NG Predikante toegeken.

TIR is ‘n baie effektiewe metode om trauma (vars of oud) vinnig en permanent te verlig. Alhoewel ‘n trauma-insident nooit uit ‘n persoon se lewe weggeneem kan word nie, kan die negatiewe en ongewenste emosies en gevolge daarvan drasties verminder word (In so ‘n mate dat die persoon weer op ‘n meer normale vlak kan funksioneer.) Met TIR begelei die berader die kliënt telkens deur die trauma tot verligting intree. Gebruikers van narratiewe berading vind baie aanklank daarby omdat die kliënt self sy/haar oplossings vind. Na die werkswinkel sal die leerder die tegnieke in die praktyk kan toepas.

In die TIR Werkswinkel word drie Metasielkundige tegnieke aangeleer naamlik:
* Ontblokking (wat veral op stresvolle verhoudings en situasies gemik is.)
* Basiese TIR wat gebruik word om ‘n bekende Trauma-insident te hanteer.
* Tematiese TIR wat gebruik word om ongewenste gevoelens, emosies, sensasies, houdings enpyn te hanteer.

Handleidings, daaglikse verversings en ‘n ligte middagete is by die fooi ingesluit.
Koste: R4900.
Datums: *22-25 Februarie* – Midrand; *15-18 Maart* – Pretoria; *30 Mei-2 Junie*-Malelane; *31 Oktober-3 November*-Pretoria.
Navrae: Jan JF Viljoen, sel 081 241 0676, e-pos dsjanviljoen@gmail.com.

Terug

Groepsontlonting (7 VBO punte)

Hierdie eendag werkswinkel is daarop gemik om enige persoon wat groepe moet ontlont te help om dit effektief te doen. Busongelukke, gewapende roof, plaasaanvalle, (natuur)rampe, motorskakings, selfdood en ander groepstrauma, waar ‘n aantal mense saam ontlont moet word kom dikwels voor. Dit vereis spesifieke vaardighede van die ontlontingspersoneel. Dit is aan te beveel dat elke maatskappy, skool en kerk minstens een of twee toegeruste ontlonters tot hul beskikking het. Die werkswinkel sluit in:
* Inligting wat slagoffers van trauma moet weet rondom die simptome van trauma wat hulle kan verwag asook praktiese riglyne om dit te hanteer.
* Ventilering van emosies en normalisering.
* Fokus op spesifieke groepe.
* Identifisering van kandidate vir individuele berading (bv. TIR).
* Toepaslike video’s.
* Praktiese oefeninge.
* Handleiding
* Tyduur 08:30 – 16:30
* Verversings en ligte middagete.
Koste R950.00
Datums: *26 Feb 2016* – Midrand; *14 Maart* – Pretoria; *3 Junie* - Malelane; *4 November* - Pretoria.
Navrae: Jan JF Viljoen, sel 081 241 0676, e-pos dsjanviljoen@gmail.com.

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- ***(Dr) Louis Louw*** *(emeritus) is beskikbaar vir eredienste en deeltydse aflos/brugbediening in en om Pretoria. Kontak hom by 012-9931574 of 072-461663 of e-pos: louisklouw@absamail.co.za*
- ***(Dr) Gerhard Bothma*** *is beskikbaar vir die lei van eredienste en deeltydse hulp aan gemeentes in en rondom Pretoria. 0824123479 en gerhard@drgerhardbothma.co.za*
- ***(Dr) Martin Lazenby*** *(emeritus) is beskikbaar vir eredienste, of pastorale pos vir seniors of selfs 'n kontrakpos, en as brugleraar. Hy kan ook webblaaie ontwerp en instand hou vir gemeentes. Sy kontaknommer is 079 493 4957 en sy e-posadres is: doklazenby@gmail.com.*
- ***Hennie Horn*** *(emeritus) beskikbaar vir enige afloswerk en preekbeurte in en om Pretoria. Sel 0827439238; landlyn 012 5485796; e-pos henniehorn@telkomsa.net.*
- ***Jan Viljoen*** *is beskikbaar vir preekbeurte/aflos. Kontak hom by 081 241 0676 / 012 310 9114/ dsJanViljoen@gmail.com*
- ***Stanley JJ Strydom*** *is beskikbaar vir aflos preekbeurte en kan reis. Kontak hom by 083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com*
- ***Ernst Muller*** *in samewerking met die Taakspan Diensgetuienis is beskikbaar vir bemoedigende uitreikgerigte boodskappe. Kontak hom by 012-527-0015 / 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *(emeritus) is beskikbaar vir afloswerk landswyd, sowel as in Namibië. Kontak hom by b@telkomsa.net of 082 788 4466*

- ***Corrie Greeff (beroepbaar)*** *is beskikbaar vir afloswerk en preekbeurte. Kontaknommer: 0829285586. E-pos: cwgreeff@absamail.co.za*
- ***Anton Binneman*** *is beskikbaar vir aflos preekbeurte. Kontak hom by sel 083 236 3590, of drbinneman@gmail.com*
- ***Danie van Niekerk*** *- Woonagtig in Centurion en is ook beskikbaar vir preekbeurte. Kontak besonderhede: epos: vanniekerkmail@gmail.com en selfoon: 082 045 6881*
- ***(Dr) Jannie Botha*** *- Pretoria en omgewing. Kontak hom by telefoon: 083 303 9767 of 012 344 3768 of jjbotha@mweb.co.za*
- ***(Dr) Louis van Deventer*** *is beskikbaar om af te los in 'n gemeente. Kontakbesonderhede: e-pos louisvand@absamail.co.za Landlyn: 012 567 6566. Selfoon: 082 567 0945*
- ***(Ds) Dirk van Zyl*** *is beskikbaar vir preekbeurte en afloswerk. Kontak hom by landlyn 012-332 0330, selfoon 084 038 8993 of e-pos cecilejvanzyl@gmail.com*

Teologiese studente en proponente:
** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*
** Die Fakulteit (Univ van Pretoria) stel, net na die legitimasie gedurende November, wel die name en kontakbesonderhede van die proponente beskikbaar. Dit word dan in die Kerkbode opgeneem en wyd versprei.*

Terug

Proponente – Pretoria 2015

JOHANNES THEODORUS (Hanno) ACKERMAN is op 9 Maart 1991 gebore. Sy kontaknommers is 079 543 5261 / 012 997 2103, of e-pos hannoackerman@yahoo.com.

CARINE BOTHA is gebore op 5 Januarie 1990. Carine kan gekontak word te Wernerstraat 8, Del-Judor x2, Witbank, 1035 / 082 572 3537 / botha.carine@gmail.com.

HELENA PETRONELLA (Ronel) COERTZEN is gebore op 19 Mei 1967. Ronel kan gekontak word by 074 606 7352 / ronelc1905@gmail.com.

WILLEM CHRISTOFFEL (Willie) CROUS is gebore op 18 September 1969. Willie kan gekontak word by 072 536 6775 / willie.crous@gmail.com.

MéRI DU RANDT is gebore op 8 April 1991 Méri tree op 14 November in die huwelik met Juan Schoeman en kan gekontak word by 074 432 4714 / meraai.durandt@gmail.com.

MARIKE GLAS is gebore op 22 Mei 1990. Sy kan gekontak word by 082 801 4369 / marikeglas@gmail.com.

CARLA GROBBELAAR is gebore op 2 Mei 1991. Carla kan gekontak word by carlagrobbies@gmail.com / 079 876 8471.

GERRIT JOHANNES (Nicky) HATTINGH is gebore op 8 Desember 1991. Nicky se kontakbesonderhede is 083 357 2420 / nickyhattingh@gmail.com / 805 Floraunaweg, Pretoria-Noord, 0182.

JOHANNES MARIUS (Johannes) JANSE VAN RENSBURG is gebore op 29 September 1981. Johannes se kontakdetails is 083 412 4530 / mjohannesjvr@gmail.com.

PETRO JONKER is gebore op 21 Julie 1991. Petro kan gekontak word by 072 048 9856 / petrojonker3@gmail.com.

FRIEDRICH KOTZÉ is gebore 2 Januarie 1991. Friedrich kan gekontak word by friedrichk121@gmail.com of 082 948 8254 / 014 736 6008.

MARCO LA GRANGE is gebore op 11 Februarie 1991 en is getroud met Anika. Marco kan bereik word by 072 446 3940 / marcolagrange@icloud.com.

THOMAS IGNATIUS FERREIRA (Ferreira) MARAIS is gebore op 7 Julie 1984. Ferreira is getroud met Carla Marais. Hy kan gekontak word by 072 804 0621 / ferreiramarais@gmail.com.

ANTHONY PEARSON is gebore op 22 Mei 1991. Anthony kan gekontak word by Brecherstraat 70, Clydesdale, 0002 / 082 467 3348 / anthony.pearson22@me.com

GEORG FREDERICK (Freddie) PROZESKY is gebore op 18 Desember 1991. Freddie kan gekontak word by freddieprozesky@gmail.com / 076 988 7908

WAYNE RENKIN is gebore op 19 September 1991. Wayne kan gekontak word by 084 444 6132 / waynerenkin@gmail.com

JACOBUS ARNOLDUS (Jac) STOFBERG is gebore op 18 Februarie 1982 en is getroud met Isabelle en hulle het 'n seun en 'n dogter. Jac kan gekontak word by 1806 Essenwood Crescent, Noordwyk, Midrand, 1687 of jacstofberg@gmail.com/061 440 0541

JANINE WANDA TRUTER is gebore op 15 Julie 1991. Janine kan gekontak word by jini4life@live.com / 072 806 9549 / 012 997 1427.

ANDRIES JOHANNES JACOBUS (Adriaan) VAN TONDER is gebore 11 April 1991. Adriaan kan gekontak word by 083 565 3641 / adriaanvt@mweb.co.za of u10068725@gmail.com / Fouriestraat 9, Oudtshoorn, 6625.

LELANI VAN ZYL is gebore op 30 April 1991. Lelani kan gekontak word by 084 392 1985 / lelanivz5@gmail.com

LEENDERT JELLE WIJNJA is gebore op 24 Februarie 1989. Hy kan gekontak word by 072 681 9143 / leendertwijnja@gmail.com

NA COLLOQUIUM DOCTUM

ODENDAAL, Riaan. Riaan is getroud met Jacqueline. Riaan kan gekontak word by riaan.odendaal@telkomsa.net / 082 497 1891.

Terug

DVD bestelvorm - NG Kerk en selfdegeslagverhoudings

Excelsus SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

CORAM DEO OASE VAN HOOP

BESTELVORM: DVD

TEL: 012 420 6738

Geleentheid: 20 Januarie 2016 "Die NG Kerk en selfdegeslagverhoudings"

Naam	
Selnr	
Posadres	

Kostes: Dit kos R30 vir individuele DVD's of R150 vir 'n volledige stel. R20 posgeld is betaalbaar indien u nie self die DVD's by Coram Deo/Pretoria Oosterlig kan afhaal nie.

		Hoeveel	Bedrag
1	Historiese oorsig (Dr. André Bartlett)		
2	Skrifgebruik en Skrifverstaan (Drr. Danie Malan en James Kirkpatrick)		
3	Mediese perspektief: die biologie van seksualiteit (Prof. Michael Pepper)		
4	Sielkundige perspektief: die gay/lesbiese) mens as verhoudingswese (Dr. Elmari Mulder Craig)		
5	Die perspektief van gay/lesbiese/ex-gay gelowiges (Dr. Marietjie van Loggerenberg en gespreksgenote)		
6	Kerkregtelike perspektief (Prof. Johan van der Merwe)		
7	**Hele stel van 6 = R150**		
8	**Posgeld = R20**		
		Totaal	**R**

LET WEL, GEEN BESTELLINGS SAL AANVAAR WORD TENSY VOLLE BETALING DIE BESTELLING VERGESEL NIE!

Rekeningnaam	TSO	**Stuur asseblief die voltooide vorm met bewys van betaling na excelsus@up.ac.za**
Bank	ABSA	
Takkode	632005	
Rekeningnommer	142 0830 463	
Verwysing	VBO: DVD Naam en Van	

Terug

Magaliesberg NG Jeugkampterrein

Bestuurderspos: Terrein Bestuurder

Magaliesberg Jeugkampterrein is ‘n terrein in die Magaliesberge naby aan Brits. Die kamp bestaan uit twee terreine wat ontwikkel is veral vir jeugkampe, maar wat ook ander kampe kan hanteer. Die terrein behoort aan die NG Kerk en word bestuur deur ‘n beheerraad. Dit kan tot 150 persone huisves en het slaapsale, ablusie eenhede, ‘n swembad en twee sale en kombuise.

Aansoeke word afgewag vir die pos van ‘n voltydse terrein bestuurder. Pligte sal die volgende insluit:

- Om die terrein te bestuur volgens die instruksies van die beheerraad.
- Toesig oor en bestuur van personeel, sekuriteitswagte en kontrakteurs.
- Algemene onderhoud, ontwikkeling en herstelwerk.
- Ontvangs en interaksie met gaste.
- Bemarking van terrein en bestuur van besprekings.
- Bestuur van die terrein se operasionale uitgawes, kontrole oor betalings van besoekers en verslaggewing aan die beheerraad.
- Toesig gedurende naweke is intergraal deel van die pos en verlof moet ingesit word as u afwesig is oor naweke.

Die persoon moet aan die volgende vereistes voldoen:

- ‘n Beleidende Christen met sterk Christelike waardes en lewensstyl.
- In staat wees om basiese onderhoudswerk self te kan hanteer.
- Goeie menseverhoudinge met beide personeel en gaste.
- Rekenaar vaardig.
- Inwonend op die terrein.
- Geen troeteldiere en geen drank misbruik word toegelaat nie.
- Eie vervoer.

Vergoedingspakket:

- R 10 000 per maand alles insluitend.
- Verlyf op die terrein in ‘n twee kamer eenheid met “kitchenette” en badkamer.
- Die geleentheid om ‘n snoepie vir eie gewin te bedryf.
- 35 dae verlof per jaar.

Aansoek:

- Stuur aansoeke plus ‘n kort CV, persoonlike motivering en twee verwysings aan louis.lemmer@telkomsa.net
- Aansoeke sluit 10 Februarie 2016.
- Diens aanvaarding 1 Maart 2016.

Terug

Ten slotte

Terug